# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | : BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B | :TAALWERK | (80) |

3. Jy moet **AL** die vrae beantwoord.

4 Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5 Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6 Skryf netjies en leesbaar.

7 Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE !***

Vrae :

1.1 Watter soort liedjies sing Big Sean? (Gee een woord) 1

1.2. In watter stad is hy gebore? 1

1.3. Die volgende stelling is WAAR. Haal vier opeenvolgende woorde uit die stuk aan om die stelling te bewys. 1

**Volgens E! se Fashion Police het Sean sy eie modestyl**. 1

1.4. Wie het vir Sean die idee gegee vir die titel van sy liedjie **" One Man Can Change the World."** (Gee die naam en van) 1

1.5. Met watter bekende sangeres het Sean uitgegaan? 1

1.6. Watter tydskrif sê dat Sean 'n stylikoon is? 1

1.7. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde:

- Sean wen die MTV Music Video toekenning
- Sean gaan na die radiostasie om vir Khanye te rap.
- Sean raak verloof aan Naya Rivera
- Sean kry 'n groot aanhang met Finally Famous 4

1.8. Gee die naam van 'n sanger wat op die album" Dark Sky Paradise is." 1

1.9. Watter woord som die boodskap (message) op wat hy met die MTV Music Video toekenning gemaak het ? 1

1.10. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

" 'n ou so na jou hart " beteken:

A. hy het 'n hartprobleem.
B. hy is hartseer
C. hy is iemand van wie jy baie hou
D. hy het 'n hart operasie gehad 1

1.11. Watter **woord** in die leesstuk sê vir jou dat Sean se ouma al dood is . 1

[15]

**AFDELING A : BEGRIPSTOETSE** Lees deur die begripstoetse en beantwoord die vrae.

**VRAAG 1 : ARTIKEL : TEKS A :**

# GEK OOR BIG SEAN

## Hy het onlangs sy eerste MTV Music Video Award gewen en sy toespraak is een van die redes waarom ons mal is oor hom

Deur LAVERN DE VRIES

### 5 STYLIKOON

Big Sean (27) het al 'n paar keer in die stylvolste klere in die tydskrif GQ gepryk. En sy unieke styl op die rooi tapyt het hom op die radar van E! se Fashion Police laat beland. "Ek hou van eksperimenteer. Ek trek aan soos ek lus is," sê hy.

### 4 'N OU SO NA JOU HART

Daar was 'n tyd toe Big Sean die nuus meer oor sy liefdeslewe gehaal het as oor sy musiek. Hy was verloof aan Naya Rivera (28) van Glee-faam, maar hulle het uitgemaak. Daarna het hy met die sangeres Ariana Grande (22, ONDER) uitgegaan. Hulle is toe ook uitmekaar, glo oor botsende werkroosters. Maar wat soek die rapper in 'n meisie? "Die aantreklikste eienskap in 'n meisie is iemand met haar eie ambisie en doelwitte. Dit gaan nie oor ego's nie; dit gaan oor wat ons deel – daardie fokus. Dis ongelooflik om iemand te hê wat verstaan wat jy doen."

### 3 RAPPER WAT VOLHARD

Die Blessings-rapper se album Hall of Fame het tot onlangs toe nog glad nie goed gevaar nie. Pleks van tou opgooi, is Big Sean terug ateljee toe en het hy die opbreekliedjie I Don't F*** with You opgeneem. Dis ingesluit op die baie suksesvoller album Dark Sky Paradise, waarop Drake (28), Chris Brown (26) en Jhené Aiko (27) ook saamsing.

### 2 MAN MET 'N BOODSKAP

Big Sean het by die onlangse MTV Music Video Awards die prys gewen vir die video met 'n maatskaplike boodskap vir sy liedjie One Man Can Change the World, saam met Kanye West (38, links) en John Legend (36) (REGS HEEL ONDER). Hy het hulle saam verhoog toe genooi en die prys aan sy oorlede ouma, Mildred V. Leonard (INLAS ONDER), opgedra. "As daar iemand was wat my geleer het een mens kan die wêreld verander, is dit sy." Oulik!

### 1 HY LAAT DINGE GEBEUR

Dié rapper van Detroit het hard aan sy deurbraak in die musiekbedryf gewerk. Hy het ná die uitreiking van Finally Famous in 2011 'n groot aanhang op die internet gekry. Toe hy hoor Kanye gaan by 'n radiostasie wees, het hy geld geleen om daar uit te kom in die hoop om vir hom te rap. "Dit was soos iets in die flieks," vertel Kanye. "Ek kon sy karakter en styl daarin hoor. Hy het na my toe gestap gekom, gerap en ek het gesê: 'Ek gaan jou 'n platekontrak gee.'"




AAI/FOTOSTOCKSA, PICTURENET/AP PHOTO/MATT SAYLES, ...EY CURRY, GETTY IMAGES/GALLO IMAGES, INSTAGRAM


BRONNE: ETONLINE, MTV, BILLBOARD, R...

**Bron : Huisgenoot**

TEKS B: INLIGTINGSTEKS

# 30 Koel DINGE OOR

**1**



Die VIKINGS was al in die Amerikas 500 JAAR VOORDAT Christopher Columbus Die kontinent " ONTDEK" het.

**2** Die VIKINGS het lande soos Engeland, Skotland, Frankryk en Duitsland aangeval.

**3** Party Viking-ARTEFAKTE is meer as 1 000 JAAR OUD.



**4**



"LAND van LEGENDES" is 'n OPELUGMUSEUM in Denemarke waar jy die VIKINGS se leefstyl kan leer ken.

**5** In die WINTER het party Vikings gaan YSSKAATS met gepoetse bene vir LEMME.

**6**



SELFS TYDENS DIE SKANDINAWIESE WINTERS WANNEER DIE FJORDS BEVRORE WAS, HET DIE VIKINGS HUL GELIEFKOOSDE KOS, VIS, GEËET. IN DIE WARMER MAANDE HET HULLE VIS GEDROOG OM DIT LATER TE EET.

**7** Die Vikings het aan baie gode geglo en onder hulle was LOKI, 'n stout MOLESMAKER wat homself in VERSKILLENDE soorte DIERE kon verander.



**8** WANNEER BELANGRIKE VIKINGS DOOD IS, IS HULLE MET AL HUL KLERE, JUWELIERSWARE EN SELFS HUL DIERE OP 'N SKIP GELAAI. DIS MET 'N HOOP GROND BEDEK OF AAN DIE BRAND GESTEEK EN DIE SEE IN GESTUUR.



**9** Die woord berserk kom uit die tyd van die Vikings. Berserkers was woeste krygers wat beer- of wolfpels gedra en soos wilde diere gehuil het!



**10** DIE VIKINGS WAS VAN SKANDINAWIË (DENEMARKE, NOORWEË EN SWEDE). HULLE HET IN BYNA DIE HELE EUROPA EN DELE VAN ASIË EN NOORD-AMERIKA GEPLUNDER, VERKEN EN HANDEL GEDRYF.




**11** Vikings het oral VUUR met hulle saamgeneem. Dit was in 'n VERKOOLDE MATERIAAL, BAIE SOOS VILT, wat hulle aan die smeul kon hou.

**12** VIKINGS het nie horings op hul HELMS gehad nie. Dis later bygelas deur VERTELLERS wat mense nog banger wou maak.

**13** Die Vikings het die son, maan en sterre gebruik om hul pad op die see te vind. Hulle het ook 'n ogie gehou op diere soos stormvoëls wat snags terug land toe sou gaan.



**14** DIE KRYGERS HET LANG HARE GEHAD EN DIT GEVLEG OM DIT UIT HUL GESIG TE HOU.

Kaart van Amerika: iStockphoto (1); Land of Legends: © Tim Herbert (4); Vis: iStockphoto (6); Illustrasies: Marek Jagucki (7, 9, 17, 22, 23, 25); Begrafnis: © Getty Images UK (18). Kaart: © Getty Images UK (10); Stormvoël: © Getty Images UK (13); Wolf: iStockphoto (16); Veldslag: © Getty Images UK (18); Bordspeletjie: © Getty Images UK (18)

**15** [illegible] Engels gebruik.

**16**



FENRIR GREYBACK, die weerwolf in die HARRY POTTER-BOEKE, is genoem na 'n REUSE WOLF uit die VIKINGS SE MITOLOGIE.

**17**



Die woord Donderdag ("Thursday") kom van Thor, die god van donder.

**18**



PARTY MENSE TREK VIKING-KOSTUUMS AAN OM 8 MEI, INTERNASIONALE VIKING-DAG, TE VIER.

**19** Die Vikings was skoon en netjies. Hulle het knyptange, skeermesse, kamme en oorstokkies uit diere se bene en horings gemaak.

**20** VIKINGS HET HUL GODE EN GODINNE GELUKKIG PROBEER HOU MET SEREMONIES WAAR HUL STAMHOOFDE DIERE OF SELFS MENSE SOU OFFER!

**21**



Families van tot 30 Vikings (uit verskillende geslagte) het in langhuise gewoon. Dit was houthuise wat met modder en mis bedek is.

**22**



VIKING-VROUE het meer vryheid en mag as ander vroue in hul tyd gehad. Hulle kon grond besit en vir 'n egskeiding vra.

# VIKINGS


**23**



DIE RYKER VIKINGS HET HELDER **ROOI** EN **BLOU** GEDRA. HOE MEER KLEURE DIE KLERE GEHAD HET, HOE DUURDER WAS HULLE.

**24** LANGBOTE was **VLAK** en **LIG**. Hulle kon maklik In **RIVIERE** opvaar en op **STRANDE** land- ideal vir 'n onverwagte aanval!

**25**



DIE VIKINGS WAS GESOUTE BOOTBOUERS EN SEEVAARDERS. HUL LANGBOTE WAS 16 TOT 37 METER LANK EN HET KIELE GEHAD WAT DIT MAKLIK GEMAAK HET OM HULLE TE STUUR. HULLE IS ONTWERP OM HOOG IN DIE WATER TE DRYF SODAT HULLE OP STRANDE KON LAND.

**26**



Vikings het gehou van bordspeletjies.

**27** LANGBOTE HET TOT 30 PAAR ROEISPANE VAN 3,9 METER GEHAD.

**28** Langbote is ook draakskepe genoem, want party het aan die boeg 'n boosaardige uitgekerfde draak gehad. Dit was bedoel om seemonsters af te skrik.

**29** Die woord stuurboord vir die regterkant van 'n skip kom van die Vikings. Hulle het hul skepe gestuur met 'n groot roeispaan wat regs agter vasgemaak is.

**30** DIE VIKINGS SE SKEPE KON TOT 28 KILOMETER PER UUR HAAL!

1.12. Wat beteken die woord "Beserkers?" 1

1.13. Haal een woord aan wat aandui wat die Vikings op hul koppe gedra het. 1

1.14. Watter sport het die Vikings in die winter gespeel? 1

1.15. Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.15.1 Die 3 lande waaruit Skandinawië bestaan | A Kon homself in verskillende soorte diere verander |
| 1.15.2."Land van Legendes" | B. Denemarke, Noorweë, Swede |
| 1.15.3. Fenrir Greyback | C. Kom van Thor, die god van donder |
| 1.15.4. Die woord "Donderdag" | D. Engeland, Skotland, Frankryk |
| 1.15.5. Loki, 'n stout molesmaker | E. Opelugmuseum in Denemarke |
| | F Vernoem na 'n reuse wolf uit die Vikings se mitologie |

5

1.16. Teen watter spoed kon die Vikings se skepe seil? 1

1.17. Haal **drie opeenvolgende woorde** aan wat vir jou sê dat die Viking Artefakte baie oud was. 1

1.18. Watter dag word Internasionale Viking-dag genoem? 1

1.19. Watter twee kleure het aangedui dat die Vikings ryk was? 2

1.20. Noem twee dinge wat die Viking vroue meer vryheid en mag gegee het. 2

1.21. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.
***Die Vikings se gunsteling kos was ( vis / vleis / groente).*** 1

1.22. Kies die antwoord wat NIE KORREK is nie. Skryf net die nommer en die letter neer.
***Die Vikings se Langbote is ontwerp/ gemaak om:***

A. seemonsters af te skrik
B. op strande te land
C. van 15 tot 30 meter lank te wees
D. 30 roeispane van 3,9 meter te hou 1

1.23. Watter twee tipe werk kon die Vikings op die see doen? (twee woorde) 2

1.24. Gee 'n ander naam vir langbote. (Een woord) 1

**[20]**

**STATISTIEKE**

**TEKS C**

# Só vaar Afrikaanse flieks in 2014



| | FAAN SE TREIN | PAD NA JOU HART | VROU SOEK BOER | AGENT 2000 | DIE WINDPOMP | EK JOKE NET 2 | ALLES WAT MAL IS | SUURLEMOEN | LEADING LADY | KNYSNA |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Openings-naweek | R1,2 m. | R3,1 m. | R1,2 m. | R450 000 | R272 394 | R420 000 | R189 872 | R200 000 | R1,4 m. | R1 m. |
| Totaal | R7,5 m. | R11,6 m. | R5,6 m. | R1,3 m. | R965 930 | R1,2 m. | R432 150 | R600 000 | R7,8 m.* | R4,3 m.* |
| Weke in teaters | 12 | 11 | 7 | 6 | 6 | 6 | 4 | 3 | 8** | 4 |
| Openings-datum | Jan. 2014 | Feb. 2014 | Mrt. 2014 | Mrt. 2014 | Apr. 2014 | Mei 2014 | Aug. 2014 | Sep. 2014 | Nov. 2014 | Des. 2014 |

* Tot dusver ** Wys steeds, gaan in negende week in Nota: Getalle is afgerond
Bronne: Ster Kinekor: Times Live Films, Dark Matter Studios, Palama Productions, Westlife Films en The Film Factory.

Grafika 24

1.25. Watter fliek het tydens die openingsnaweek die meeste geld gemaak? 1

1.26. Hoeveel geld het die fliek gemaak? 1

1.27. Watter drie flieks het vir dieselfde tydperk in teaters gespeel? 1

1.28. Waarvoor staan die sterretjies langs" Leading Lady?" 1

1.29. Noem 'n bron (source) wat hierdie inligting verskaf het. 1

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

**AFDELING B: TAALWERK**

**Bestudeer die volgende prentjie en voer die instruksies uit.**

**TEKS D**




VRAAG 1: SINSTRUKTURE

1.1. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.

1.1.1 My broer, in die see, elke oggend, vroeg, lekker, swem 1

1.1.2 Die kinders, eet, sal, hulle roomys, netnou 1

1.1.3. Die meisie ,haar dag, geniet, het, op die strand 1

1.2. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD

1.2.1. Die meisie gooi die strandbal. 1

1.2.2. Die seuntjie wil met sy vriend gesels. 1

1.2.3. Die seuns loop en eet op die strand. 1

1.2.4. Die seuntjie spring en duik in die water. 1

1.2.5. Die sandkasteel het 'n klein vlaggie daarop. 1

1.2.6. Die seun lek aan sy roomys. 1

1.3. Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD Future

1.3.1. Die meisie skree hard. 1

1.3.2. Die vrou ry per motor strand toe. 1

1.3.3. Die seun het 'n goeie maat. 1

1.3.4. Dit is 'n heerlike dag. 1

1.4. Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING.

1.4.1. Die seun duik. 1

1.4.2. Daar is yskoue koeldrank by die snoepie. 1

1.4.3. Iemand braai heerlike boerewors. 1

1.4.4. Daar is nog kinders wat sonbaai. 1

1.4.5. Iets loop vinnig oor die meisie se voet. 1

1.4.6. Ek het al so 'n mooi dag gesien. 1

1.5. Verbind die sinne met die VOEGWOORDE in hakies.

1.5.1. Die kinders is baie bly. Hulle kan in die water baljaar (want) 1

1.5.2. Sommige kinders kan nie swem nie. Hulle dra swemgordels.(daarom) 1


1.5.3. Die meisies bou 'n sandkastele. Hulle hou 'n kompetisie. (omdat) 1

1.5.4. Die seun eet roomys. Dit is 'n warm dag.(aangesien) 1

1.5.5. Die sand is vuurwarm. Die seuns dra plakkies. (dus) 1

1.5.6. Die kinders swem in die koel water. Later sal hulle toebroodjies eet. (en) 1

**TEKS E**



1.6. Skryf die sinne oor in die LYDENDE VORM

1.6.1. Die seun skryf eksamen. 1

1.6.2. Die seun het sy eksamen geslaag. 1

1.6.3. My bababoetie sal toetse skryf 1

1.6.4. Die seun het sy bababoetie gehelp. 1

1.6.5. Die leerders sal hersiening doen. 1

1.6.6. Die seun sien 'n groot horlosie. 1

1.7. Skryf die sinne oor met die korrekte Spel-en Leestekens.

1.7.1. hy vra hoe laat is dit 1

1.7.2. ethan mary robert en gregory was by die skool 1

1.7.3. joe se hy gaan dr toe 1

1.7.4. hoera dit is vakansie 1

1.7.5. daar is baie huiswerk op bl 10 1

1.8. Kommunikatiewe Taal.

Wat sê jy as jy :

1.8.1. Iemand in die oggend groet? 1

1.8.2. Die tafel wil verlaat? 1

1.8.3. Iemand vir die eerste keer ontmoet? 1


1.8.4. Iemand in gevaar waarsku? 1

[40]

VRAAG 2 : WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**



2.1. Gee die MEERVOUDE vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.1.1. Die paartjie lê op die twee (handdoek). 1

2.1.2. Die vrou se twee (voet) is in die lug. 1

2.1.3. Die man verduidelik met sy twee (hand). 1

2.2. Gee die VERKLEINWOORDE vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.2.1. Die klein (visnet) help die vissermanne. 1

2.2.2. Die man vryf oor sy klein (ken). 1

2.2.3. Die vrou se klein (strandhoed) beskerm haar vel. 1

2.3. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.3.1. Die man lê langs sy (vriend). 1

2.3.2. Die (teef) soek na haar gesin. 1

2.3.3. Die (haan) kraai om die vissermanne wakker te maak. 1

2.4. Vul die VOORSETSELS in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.4.1. John gaan ____ bus strand toe. 1

2.4.2. Die kinders gaan _____ vakansie. 1

2.4.3. Ons vertrek ______ agtuur. 1

2.5. Vul die korrekte DIEREGELUIDE in die oop spasies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.5.1. John se kanarie _kry_ in die hotelkamer. 1

2.5.2. Die seun se hond _blaf_ vir die vis. 1

2.5.3. Die eend _____ in die klein waterpoeletjie. 1

2.6. Vul die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.6.1. Die man eet _______ skyfies, want hy is honger. 1

2.6.2. Die vrou lê op _______ handdoek en lees 'n boek. 1

2.7. Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.7.1. Die (baie fris) man wys sy spiere. 1

2.7.2. Die lug en see is vandag (baie blou). pot blou 1

2.7.3. Die model is (baie maer). brandmaer 1

2.8. Vul die VERSAMELNAME in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.8.1. Die ________voëls wag vir 'n stukkie vis. 1

2.8.2. Daar is vandag 'n ______ skepe op die see. 1

2.8.3. Die ______ visse word vandag gevang. 1

2.9. Vul die korrekte VRAAGWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer. Die antwoord is gegee om jou te help.

2.9.1. _____ lê die vrou? Op haar handdoek. 1

2.9.2. _____ vang die visserman? 'n Vis 1

2.9.3. _____ kom die bus hulle oplaai? Om drie-uur 1

2.10. Voltooi die volgende AFKORTINGS. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.10.1. (Suid-Afrika) is 'n land van sonskyn. 1

2.10.2. Moet (asseblief) nie op die strand mors nie. 1

2.10.3. Hulle moet om drie-uur (vm.) huis toe gaan. 1

2.11. Vul die VERGELYKINGS in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.11.1. Die meisie se gesig is so rooi soos______. 1

2.11.2. Die seesand is so wit soos _____. 1

2.11.3. Die hond langs die strand is so honger soos 'n ______. 1

2.12. Skryf die GETALLE in woorde tussen hakies neer . Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.12.1. John is vandag (14) jaar oud. 1

2.12.2. Die seun moet sy meisie (6:15) bel 1

2.12.3. Die son sak vanaand om (8:30) 1

2.12.4. Dis vandag haar (21e) verjaardag. 1

2.13. Vul die korrekte antwoord van MENSE, LANDE EN TALE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.13.1. Die _____ woon in Frankryk en hou van wyn. 1

2.13.2. In Italië eet die ________ baie pasta. 1

2.14. Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die volgende sinne. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.14.1. Dis die (sleg) koeldrank in die snoepie. 1

2.14.2. Die boot seil (vinnig) as die roeibootjie. 1

**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [80]**

**GROOTTOTAAL: [120]**